**Woensdag 5 Julie**
**Skrifgedeelte: Romeine 1:1-17**
**Fokusgedeelte: Romeine 1:16**
**Die evangelie: ’n Krag tot redding vir elke gelowige!**

Die apostel Paulus laat nie ’n steen onaangeroer om uiteindelik ook in Rome te kan uitkom nie! Hy is angstig om ook daar die evangelie, die Goeie Nuus te bring. Tot nou toe kon soveel ander mense hulle deur sy prediking daarin verdiep. Jode en nie-Jode, wyse en ook dwase mense.

Tog weet die apostel dat ook die vertraging om die Woord in die gemeente van Rome te bring, nie sonder rede was nie. Inteendeel. Onder die gemeente dra die Woord reeds baie vrug! Die krag van God se Woord word in die gemeente se geloof so sigbaar dat selfs die heidene, die wêreld, dit raaksien. Wat meer is, die wêreld getuig self daarvan! Hoe wonderlik sal dit nie wees as die wêreld oor die geloofwaardige en relevante dade van gelowiges kan praat nie!

Wanneer jy jou in die Woord as ’n krag van God tot redding verdiep, word jyself kragdadig opgebou! Dit bring in jou van begin tot einde geloof tot stand. Soveel so dat baie mense sien hoe die geloof van die gemeente in die wêreld sigbaar raak en daarvan begin getuig! Glo jy so dat ander jou geloof kan sien?

So kan gelowiges mekaar onderling versterk wanneer hulle ook onder mekaar begin raaksien: God is in aksie ook in die uitlewing van ons geloof! Versterk julle as gemeente mekaar so?

*Sing: Psalm 33-1:5*

*Ds. SFF van der Walt (Steve) (Kathu/Olifantshoek)*